

14 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 18:12-14

Fokusgedeelte: Matteus 18:14

Ons Vader is bly as al sy kosbare kinders altyd by Hom bly!

Matteus, gelei deur die Heilige Gees, het hoofstuk 18 van sy Evangelie so saamgestel dat een tema deurgaans opvallend is. Ons kan dit noem: *Die kosbare kinderlikheid van die uitverkore kinders van God*. Die hoofstuk begin waar die dissipels vir ons Here Jesus 'n vraag vra: *Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?* Dan lees ons dat Jesus 'n kindjie nader roep en hom tussen hulle laat staan.

Ons Here Jesus beskryf verder hoe kosbare, kinderlike, uitverkore gelowiges behandel moet word en ook hoe hulle teenoor mekaar moet optree. In ons Skrifgedeelte gebruik Hy die beeld van 'n man wat 100 skape gehad het en een van hulle het weggeraak. Dan vra hy vir ons die vraag: Wat sal die man doen as een skaap wegraak? Hy antwoord self sy vraag: Hy sal die 99 daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek. Hy vertel ook vir ons hoe die man sal voel wanneer hy sy verlore skaap teruggekry het: Matteus 18:13: *“En as hy hom kry, verseker Ek julle, is Hy blyer ook hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie.”* Jesus vat dan die kerngedagte saam wanneer Hy in Matteus 18:14 vir ons sê: *“So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.”*

Ons het reeds genoem dat Jesus, volgens Matteus 18:2, 'n kindjie nader geroep het en toe vir sy dissipels verduidelik het wat dit beteken om te verander en soos kindertjies te word om in sy koninkryk in te gaan. Daarna gebruik Hy die woord “kleintjies” meermale (vgl. Matt. 18:6, 10, 14) om simbolies vir ons te sê hoe ons houding teenoor ware, kosbare, uitverkore, kinderlike gelowiges moet wees en ook hoe ons moet optree as ons onself as sulke gelowiges beskou. Jesus leer vir ons die volgende lewensbelangrike beginsels in sy koninkryk:

- Elke uitverkore gelowige is vir ons Vader kosbaar.
- Ons hemelse Vader wil nie dat een van ons verlore gaan nie (vgl. 2 Pet. 3:9).
- As 'n gelowige afdwaal, is dit ons verantwoordelikheid om hom te gaan soek totdat ons hom kry. As ons hom kry, is daar groot blydschap daaroor in die hemel, selfs meer as oor die 99 skape wat nie weg is nie.

Sing: Skrifberyming 2-1:1-7

Dr. GCP Labuschagne (Vleuels)